AFRIKAANS TWEEDE TAAL SG VR2 NOVEMBER 2006

Die is verblydend dat die kandidate hierdie vraestel met meer selfvertroue hanteer. Vorige jare het kandidate ernstige probleme ervaar met die beantwoording daarvan.

Alhoewel die instruksies baie duidelik aandui dat slegs TWEE vrae beantwoord moet word, het sommige kandidate AL ses vrae beantwoord.

AFDELING A: FEESMAAL – E. A. Swanepoel

Vraag 1 en 2

Oor die algemeen is hierdie vrae goed beantwoord. Die leerders kon die verskeidenheid vraagtipes goed hanteer.
Die waar/onwaar-vrae het besondere uitdaging aan leerder gebied. Hulle kon nie motiveer of redes verstrek uit ’n gegewe kortverhaal nie.
Die instruksies word nie konsekwent nagekom nie. Die kandidate het deurgaans slegs die letter gegee by meerkeusevrae en nie die antwoord voluit geskryf nie.
’n Tuisnywerheid langs die pad – Riana Scheepers is goed beantwoord.

AFDELING B: VERSLIG – Charles Fryer

Vraag 3 en 4

Die kandidate het baie klei getrap met die interpretasie van die gedigte en beantwoording van vrae. Die clozé-vrae was hanteerbaar en leerders het gemiddeld tussen 30% en 60% hier behaal. Die kandidate word dus baie blootgestel aan hierdie tipe vrae. Die vrae wat problematies was, was die waar/onwaar-vrae. Die motivering/redes het nie die konteks van die gedig weerspieël nie. (Bv. Stadmens). Leerders moet die onderskeid tussen ’n direkte aanhaling en ’n rede ken. Instruksies wat een woord vra, moet eerbieding word.

AFDELING C: Die verdwyning van Mina Afrika – Zuretha Roos

Vraag 4 en 5

Sekere kandidate het uitstekend gevaar in hierdie afdeling. Dit is duidelik dat hulle goed voorbereid was.